



basic education

Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT

GRAAD 12

MUSIEK V2

NOVEMBER 2011

SENTRUMNOMMER:

--	--	--	--	--	--	--	--

EKSAMENNOMMER:

--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--

PUNTE: 33

TYD: 1½ uur

Hierdie vraestel bestaan uit 13 bladsye, 1 blanko bladsy en 1 bladsy manuskrippapier.

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Hierdie vraestel bestaan uit DRIE afdelings.
2. Beantwoord AL die vrae.
3. Skryf jou antwoorde op hierdie vraestel.
4. Hierdie eksamen sal geskryf word terwyl kandidate na 'n CD luister.
5. Die musikonderwyser van die sentrum moet die eksamen in die teenwoordigheid van die opsiener afneem.
6. Die laaste bladsy van hierdie vraestel is manuskrippapier wat vir rofwerk gebruik kan word. Die kandidaat mag die bladsy verwyder.

INSTRUKSIES AAN DIE PERSOON WAT MET DIE KLANKTOERUSTING WERK

1. Die instruksies vir die musikonderwyser verskyn in raampies.
2. Elke musiekuittreksel (snit) moet die vereiste aantal kere, soos op die vraestel gespesifiseer, gespeel word. Laat genoeg tyd tussen herhaalde snitte om kandidate toe te laat om hulle antwoorde neer te skryf voordat die volgende snit gespeel word.
3. Die nommer van die snit moet elke keer duidelik aangekondig word voordat dit gespeel word.
4. 'n CD-speler wat met batterye werk, moet beskikbaar wees in geval van 'n kragonderbreking.

NASIENROOSTER

AFDELING	VRAAG	TOTAAL	NASIENER	MODERATOR
AFDELING A	1	2		
	2	8		
	SUBTOTAAL	10		
AFDELING B	3	6		
	4	5		
	5	2		
	SUBTOTAAL	13		
AFDELING C	6	10		
	SUBTOTAAL	10		
	GROOTTOTAAL	33		

AFDELING A: GEHOOR**VRAAG 1**

1.1 Snit 1 sal VIER keer gespeel word.

Luister na die musiekuittreksel wat vier keer gespeel sal word. Maak 'n kruisie (X) in die blokkie langs die melodie wat die korrekte notasie toon.

1.1.1 

1.1.2 

1.1.3  (1)

1.2 Snit 2 sal EEN keer gespeel word.

Luister na die musiek.

Maak 'n kruisie (X) in die toepaslike blokkie om die mees gepaste term aan te dui vir die manier waarop die pianis met 'n mate van vryheid van tempo speel.






Ostinato	Accelerando	Rubato	Ritenuito

(1)
[2]

VRAAG 2: DIKTEE, KADENSE, AKKOORDE EN INTERVALLE

Lees en bestudeer die vrae vir EEN minuut.

Snit 3 sal EEN keer gespeel word.



2.1 **Snit 4 sal TWEE keer gespeel word.**

Lewer kommentaar op die tekstuur van maat 1 en 2.

(1)

2.2 **Snit 5 sal VIER keer gespeel word.**

Luister na die musiek van maat 3⁴–7³ en skryf die ontbrekende note by (a) op die musiekpartituur in.

(4)

2.3 **Snit 6 sal EEN keer gespeel word.**

Watter verskil hoor jy in die strykparty tussen die passasies wat (a) en (b) gemerk is? Die snit sal in maat 3⁴ begin.

(1)

2.4 **Snit 7 sal EEN keer gespeel word.**

Luister weer na die hele stuk en beantwoord die vrae wat volg.

2.4.1 Noem die kadens by (c).

(1)

2.4.2 Watter melodiese komposisietegniek hoor jy by die twee subfrases by (d)?

(1)

[8]

TOTAAL AFDELING A: 10

AFDELING B: HERKENNING VAN MUSIEKBEGRIPE**VRAAG 3**

Lees en bestudeer die vrae vir EEN minuut.

3.1 **Snit 8 sal EEN keer gespeel word.**

3.1.1 Watter tipe orkes hoor jy?

(1)

3.1.2 Noem die solo-koperblaasinstrument wat jy in hierdie uittreksel hoor.

(1)

3.1.3 Watter EEN van die volgende stellings is KORREK?

Maak 'n kruisie (X) in die blokkie langs die korrekte stelling.

(a) Die ritmeseksie speel 'n konstante matige swing-tempo.

(b) Die ritmeseksie speel 'n konstante matige ragtime-tempo.

(1)

3.2 **Snit 9 sal EEN keer gespeel word.**

3.2.1 Noem EEN houtblaasinstrument en EEN koperblaasinstrument wat jy in hierdie uittreksel hoor.

Houtblaser: _____

Koperblaser: _____

(2)

3.2.2 Noem TWEE instrumente wat die ritmeseksie in hierdie uittreksel vorm.

(2)

3.3 **Snit 10 sal EEN keer gespeel word.**

3.3.1 Is hierdie 'n tipiese voorbeeld van 12-maat-blues?
_____ (1)

3.3.2 Motiveer jou antwoord op VRAAG 3.3.1.

_____ (12 ÷ 2) (4)
[6]

VRAAG 4

Snit 11 en 12 sal elk EEN keer gespeel word.

4.1 Maak 'n kruisie (X) in die toepaslike blokkie om aan te dui of die stellings hieronder WAAR of ONWAAR is.

4.1.1 Beide uittreksels sluit 'n saksofoon in.

WAAR	ONWAAR	(1)
------	--------	-----

4.1.2 Beide uittreksels sluit 'n tromstel in.

WAAR	ONWAAR	(1)
------	--------	-----

Snit 11 en 12 sal weer gespeel word.

4.1.3 Noem EEN ooreenkoms tussen die uittreksels.

(1)

4.1.4 Noem TWEE verskille tussen die uittreksels.

(2)
[5]

VRAAG 5

Lees en bestudeer die vraag vir EEN minuut.

Snit 13 sal TWEE keer gespeel word.

Watter van die woorde of stellings hieronder word met hierdie werk geassosieer?

Maak 'n kruisie (X) in al die toepaslike blokkies.

A cappella	
Begin met 'n inleiding	
Drie stemme	
Meer as drie stemme	
Gemengde koor	
Pentatonies	
Afrika-jazz-styl	

[2]

TOTAAL AFDELING B: 13

AFDELING C: VORMLEER**VRAAG 6**

Lees en bestudeer die vraag vir EEN minuut.

Die tweede beweging uit *Sonate Nr. 5 (K283)* van WA Mozart bestaan uit drie hoofseksies. Vrae sal slegs oor die 1^{ste} en 3^{de} seksie gevra word.

Snit 14 sal EEN keer gespeel word.

Luister na die eksposisie/uiteensetting terwyl jy die partituur volg. Slegs die regterhandparty is gegee.

Tweede beweging uit Sonate Nr. 5 (K283) in G majeur

W.A. Mozart

Andante

The musical score is written for the right hand in treble clef, common time (C). It begins with the tempo marking 'Andante'. The key signature is one sharp (F#). The score consists of eight staves of music. The first staff contains measures 1-4, ending with a trill. The second staff contains measures 5-6, with a measure rest at the beginning. The third staff contains measures 7-8, with a measure rest at the beginning. The fourth staff contains measures 9-10, with a measure rest at the beginning. The fifth staff contains measures 11-12, with a measure rest at the beginning. The sixth staff contains measures 13-14, with a measure rest at the beginning. The seventh staff contains measures 15-16, with a measure rest at the beginning. The eighth staff contains measures 17-18, with a measure rest at the beginning. The score ends with a double bar line and repeat signs.

6.1 Ontleed die vormleerstruktuur deur die tabel hieronder te voltooi.

MATE	SEKSIE	TOONSOORT
1–4		
5–8 ⁴		
9–13 ¹		
13 ² –14		G majeur

(7)

Snit 15 sal EEN keer gespeel word.

Luister na die rekapitulاسie/heruiteensetting van dieselfde beweging.

Musical score for Snit 15, measures 25-38. The score is written in treble clef with a common time signature (C). The key signature has one flat (B-flat). The score consists of nine staves of music. The dynamics are marked as follows: *p* (piano) at measures 25, 27, 29, 31, 33, 35, 37, and 38; *f* (forte) at measures 31, 33, 35, and 38; and *decresc.* (decrescendo) at measure 31. Trills are marked with *tr* above the notes in measures 25, 27, 29, and 35. The score includes various musical notations such as slurs, ties, and rests.

6.2 Beantwoord die volgende vrae:

6.2.1 Noem die toonsoorte in maat 29–32.

(1)

6.2.2 Noem TWEE verskille tussen maat 33 en maat 34.

(2)
[10]

TOTAAL AFDELING C: 10
GROOTTOTAAL: 33

